In diens van die Here ten opsigte van my naaste.

Teks: Johannes 13: 1 - 20 & Sondag 21
Teksvers: Johannes 13: 9

1. Inleiding

Vandag leef ons in wêreld waar groter en meer gesien word as beter. En natuurlik word hierdie idees maklik in ons geestelike lewe in gedra. So maklik word daar dan gevoel dat wat die kerk doen te min is. Dikwels is dit ongelukkig die waarheid dat die kerk te min doen. Maar in selfsugtigheid gaan ons soms in ’n worsteling in dat dit wat die Here doen ook te min is. En hierdie siening kom veral voor wanneer ek dinge beskou van ek as die ontvanger kant af. Maar dan vergeet ons dat die fokus ook hier in die kerk op my as gewer moet wees.

Dit bring ons by die openbaring van ons Here Jesus Christus. Ons staan vandag stil by die gebeurtenis in die geskiedenis waar Jesus Sy dissipels se voete was. Voorwaar ’n baie bekende gedeelte vir baie van ons. Maar tog in hierdie gebeurtenis sien ons ook die vraag: is die was van my voete genoeg? Petrus wil hierdie genade ook vir ander liggaamsdele hê.

Dit bring ons ook by ons kategismus uit Sondag 21. Ons staan stil in die kategismus se bespreking oor die geloofsbelydenis. In die geloofsbelydenis staan ons stil by die gemeenskap van die gelowiges. In die gemeenskap van die gelowiges is ons ook ledemate of lidmate. Hoe moet ons redding verstaan en uitleef binne die gemeenskap van die gelowiges. En ook in die samelewing buite die gemeenskap van die gelowiges. Want natuurlik is Jesus se opdrag hier aan die dissipels in verband met hulle optrede teenoor mekaar. Maar tog weet ons watter invloed hierdie groepie mense op die kerk en ook die samelewing gehad het.

2. In die koningryk van die hemel werk dinge anders

Ons wil ons fokus begin op die sterk woorde van Petrus in vers 8: "U sal in alle ewigheid nooit my voete was nie!”. Terwyl ons nou van die ander kant af kyk kan ons nie verstaan hoekom Petrus so dom was nie. Besef hy nie wat die Here vir hom wil kom doen nie? Tog kan ons in die trots wat nog altyd deel is van ons volk is, iets hiervan verstaan. Ons wil nie graag iets ontvang nie. Ons is dikwels te trots om iets te ontvang. Dit maak dit moeilik met ons redding.

Ons was so dood in ons sonde dat ons nie onsself kon red nie. As ons nie deel het aan Christus nie, dan kan ons nie gered word nie. Ons ontvang redding soos ’n geskenk, soos voedsel wat verniet aan ons gegee word deur ’n geliefde.

Dit is hierin wat die koningryk van die Here anders werk. In alle ander gelowe word groot klem geplaas op dit wat ’n mens moet doen. Die redding wat geskied na daar hard voor gewerk is. Maar in die Christelike geloof ontvang ons redding deur genade alleen sonder enige verdienste van ons kant af. Soos wat Petrus niks gedoen het wat die was van sy voete verdien het. Maar natuurlik is ons hierdie genade ook verskuldig aan ons mede broers en susters in die liggaam van die kerk. Ons moet ook hierdie dienskneg gestalte van die Here aanneem teenoor mekaar. Want dit is eintlik die ou liefdesgebod van jou naaste hoër as jouself stel wat nagekom word. Maar hoekom dan net die voete was.

3. Die voete is genoeg

Wanneer Petrus besef dat redding hier by die Here lê dan wil hy ’n oorvloed daarvan hê. Ons sien dan amper die gevoel van dit is nie genoeg nie. As hierdie redding dan hierin lê, dan wil Petrus ook hê dat sy hande en gesig gewas word. Hier in die eerste eeu was die was van voete voor ete ’n belangrike saak. Ons almal het al uit verskeie bronne gehoor dat mense op die vloer rondom die maaltyd gesit het. So vuil voete was werklik

onaangenaam. En as gevolg van die spesifieke skoene op stofpaaie was hierdie ’n werklike praktiese probleem.

Maar die eintlike waarheid wat hier geopenbaar word is eintlik veel dieper as ’n vuil hand en gesig. Dit gaan oor genoegsaamheid en die geloof daarin. Daarom sê Jesus dat die voete is genoeg wanneer die liggaam reeds skoon is. Wanneer die voete skoon is, is daar nie iets meer nodig nie. Ons redding in die Here is genoegsaam. Daar is nie grade van redding wat oor en oor of meer en meer word soos dinge in ons lewe vermeerder.

Maar aan die einde van vers 10 lê ’n ander belangrike boodskap. Ons sien dit in die woorde “En julle is nou skoon maar nie almal nie”. Jesus praat natuurlik van Judas wat Hom sou verraai. Ons sien dat Jesus egter steeds die voete van Judas was, maar vir Judas is hierdie nie iets spesiaal nie. Hy glo nie in die verlossing van die Here nie. Daarom is hierdie was tot ’n oordeel vir hom. Daarom kan ons natuurlik die gevolgtrekking maak dat die sakrament en gebruik daarvan ons nie red nie. Dit is die geloof in Christus wat ons red. En ook nie die feit dat ander lidmate gelowig is nie. Judas word nie outomaties gered omdat hy deel van die groep apostels is nie.

4. Skoon voete het ook ’n doel

Tog is die redding nie die einde van ons geloofspad nie. Die Apostels word nie almal saam die Here weggeneem nie. Hulle het nog ’n doel en roeping hier op aarde. Hulle voete is skoon vir ’n rede. Ons het reeds gesien dat hierdie gedeelte iets belangrik openbaar oor naaste liefde. Maar Jesus red ons uit die dood van die sonde om te lewe. Ons is gered om hierdie genade te gaan uitleef.

Soos die apostels deur die Here gered is, en toegerus is deur die Heilige Gees. So is ons ook gered en toegerus om ’n verskil te maak. Om voortdurend ons eie wil af te sterf en die wil van die Here op te neem en uit te leef. Daarom het hierdie skoon voete ’n definitiewe doel. Eerstens is ons geskik om aan die maaltyd met die Here deel te neem. Ons is skoon en gereed. Maar ons neem tog ook voedsel in as energie wat omgesit kan word in werkverrigting. Ons is ook gered om ons roeping uit te leef. Ons voete is nou skoon en daarom is moet hulle wees soos Efesiërs 6:15 ons leer oor die wapenrusting daar staan oor voete geskryf: "[15]en die bereidheid om die evangelie van vrede te verkondig as skoene aan die voete.

Ons word deur die die offer van die Here gevoed om ’n lig in die wêreld te gaan wees.

Op hierdie manier moet ons ook in liefde aan ons mede lidmate dink. Ons is nie gered tot ons voordeel alleen nie. Ons is eerstens gered tot eer en verheerliking van die Here, die almagtige. Maar tweedens natuurlik tot voordeel van my mede gelowiges in die liggaam van die gemeenskap van gelowiges. Daarom is my skoon voete eerstes ’n genadegawe wat ek ontvang sonder verdienste. Maar tweedens is dit ook ’n stuk gereedskap wat ek moet aanwend tot eer van die Here en voordeel van my naaste.

5. Slot

Ons kan terugkeer na die begin met die vraag hoeveel is genoeg. Dan sien ons duidelik uit hierdie geskiedenis waar die Here die voete was dat dit nie gaan oor grote en hoeveelheid nie. Want ons word nie gered in grade of stukkies nie. Die Here Jesus het eenkeer volledig die offer volmaak gebring en ons is volkome gered.

Wat ook belangrik is, is dat die dissipels ook met hierdie skoonvoete weer uitgegaan het in ’n ware Efesiërs 6:15 gesindheid om nog mense na die maaltyd van die Here te bring. Om die liefde en genade van die Here aan die wêreld te gaan bewys. Ons is vandag in dieselfde situasie. Ons kan so maklik vir die Here vra dat Hy nog net dit vir ons moet gee. As my hande en gesig ook net skoon is, dan sal ek kan leef en werk tot die Here. Dan is die woorde in ons teksvers weer vir ons opnuut ’n aanspreking, maar ook ’n vertroosting: “Hy wat klaar gebad het, is heeltemal skoon; hy hoef later niks meer as sy voete te was nie.”

Kom ons gaan leef uit die genade van die kragtige verlossing in ons Here Jesus Christus. Amen